

Vrydag 18 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 90

Fokusgedeelte: Psalm 90:12

Tel jou dae!

Ons meet ons ouderdom jare. Het jy egter al probeer uitwerk hoeveel dae jy al oud is?

In hierdie gebed van Moses (hy was 120 jaar oud toe hy gesterf het) kom ons ouderdom ter sprake. Of liever – dat ons dalk nie so oud gaan word as wat ons hoop nie!

Net soos ons geboorte op die presiese minuut bepaal word deur ons HERE, so bepaal Hy ook die oomblik van ons sterwe. In vers 3 word trouens gemeld dat die HERE maar net op 'n gegewe oomblik die bevel kan gee dat iemand moet sterf, en dan gebeur dit! Moses, wat vanuit 'n geloofsperspektief skryf, stel dit duidelik dat die gelowige wat sterf, na die HERE toe terugkeer.

Selfs al verwag mens jou eie, of iemand na aan jou se dood (bv. wanneer iemand baie siek is aan kanker), kom die oomblik van die dood meestal so onverwags!

Ons aardse tyd is in die hande van die ewige (tydlose) God. By Hom is 1000 jaar soos een dag, en een dag soos 1000 jaar. Ons aardse tyd is egter beperk. Presies hóé beperk, weet ons nie. Dikwels wens jy jy het presies geweet. Dan kon jy mos haarfyn beplan hoe jy jou tyd moet inrig, sodat jy darem alles kan klaarkry wat jy so graag nog wil afhandel voordat jy doodgaan. Of dan kan jy mos jou lewe geniet en maak wat jy wil, en darem nog net gou met God regmaak kort voor jou dood ...! Hierdie luukse het ons egter nie.

Nou bid Moses dat die HERE, in Wie se hande ons elkeen se aardse tyd is, ons moet leer om ons lewensdae, in die lig van hoe kortstondig die lewe is, te moet tel. Wat beteken dit? Ons moet by ons mikpunt uitkom. Ons moet ons lewensdoel bereik. Hierdie mikpunt, hierdie doel, is WYSHEID, 'n wyse hart. Met slimigheid het dit niks te doen nie. Dit het met JESUS te doen. Hy is die Wysheid van God (1 Kor. 1:24).

Ons mikpunt moet wees: **DAG VIR DAG SAAM MET JESUS!** Dag vir dag ... tot ons na die HERE terugkeer!

Sing: Psalm 90-1:1, 2, 7, 9

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)